

# Christene wat in die HEL opeindig!


By Carmelo Brenes

(A.K.A. Rescued from Hell, Originally in Spanish)

[www.DivineRevelations.info/AFRIKAANS](http://www.DivineRevelations.info/AFRIKAANS)

[www.DivineRevelations.info/BRENES](http://www.DivineRevelations.info/BRENES)

In 1982 het ek 'n ongeluk gehad waarin ek gesterf het. Soos die dood oor my gekom het, het ek gevoel dat alles donker word. Ek het myself gevind waar ek loop deur 'n donker tunnel en 'n soort van wese het met my gepraat. Terwyl ons geloop het in die koue en donker tunnel, het ek afskuwelike gille en gekerm begin hoor, en 'n intense vrees het binne my gegroei. Ek het geweet dat, alhoewel my liggaam reeds dood was, het ek op een of ander manier nog gelewe in hierdie plek.



*Ek het groot slange gesien wat rond beweeg en al die mense het na water uitgeroep. Sommer gou het ons aangekom by 'n oop plato, met baie kamers en afdelings, elkeen met verskillende mense daarin. Ek het van vrees begin om uit te roep, God gesmeek vir genade. "Here, dink aan my lewe! Wees my genadig!" Geweldige vrees het my siel aangegryp en my hele lewe het voor my oë verby gegaan. Soos ons nog 'n deur genader het, het ek weer geskreu, "Wees my genadig! My Here, ontferm U oor my, Ek smeek U om my te help! Help my Here!!"*

*Skielik was daar 'n stilte, en ek het 'n harde stem hoor sê: **"Stop!"** Die stem het die Hel laat skud en die wese wat my aan die hand het, het my vrygelaat. **"Ek is nie die God van egbrekers, ek is nie die God van hoereerders, ek is nie die God van leuenaars. Waarom noem julle My: Here, as ek nie 'n God is van diegene wat roem nie?"** (Lukas 6:46)*

Dit het gevoel of ek vernietig gaan word, maar soos die tyd geloop het, het God se stem sagter geword, **"Kom en ek sal jou die dinge wys wat in hierdie plek aangaan, wat wag vir almal wat nie bereid is om My wil te volg en wat agter die verbeelding van hulle eie harte aanloop."**

Ons is toe na 'n plek waar ek 'n vrou gesien sit het in 'n wiegstoel. Daar is nog steeds skrikwekkende gekerm wat van oral kom. Op die eerste oogopslag lyk die vrou reg, maar skielik is haar liggaam omskep in 'n



heks, en sy het geskree van die pyn en het in vlamme gebrand. Sy het gepleit vir genade, maar die Here het vir my gesê: **"Die loon van die sonde is die dood en diegene wat in hierdie plek kom sal nooit weer uitgaan nie."** (Romeine 6:23)

Die Here het vir my baie ongehoorsame mense gewys, baie was eens deel van 'n Christelike Kerk. Hulle het uitgeroep vir genade, maar daar was geen genade nie. Genade kan slegs gevind word terwyl 'n persoon nog steeds op die Aarde lewe. Wanneer mense dood is, kan genade nie meer verkry word, soos dit sê, **"Dit is vir die mens bestem om een maal te sterf, maar daarna die oordeel"** (Hebreërs 9:27)

Jesus het ook aan my 'n plek gewys met 'n soort van kokende olie, en daar was mense in die olie wat baie gelyk het en in vlamme gebrand en probeer het om uit te kom. Maar demone het hul teruggegooi



Ons het geloop tot by 'n plek met mense wat eens geluister het na die woord van God, maar hul nooit wou bekeer het.

Ek het selfs pastore, evangeliste, gelowiges en sendelinge gesien. Hulle is almal vir verskillende redes daar. Ek het 'n pastoor gesien wat nooit geglo het in die krag van die Heilige Gees, praat in tale, genesings of die doop van die Heilige Gees nie. (Markus 3:29). Hy het gesmeek vir genade en net nog een kans om die wêreld te vertel dat die praat in tale waar is, dat die Heilige Gees waar is en dat daar ware vryheid in die evangelie is. Maar dit was te laat vir hom, hy sal nooit kan uitkom nie selfs al was hy 'n pastoor. Sy kans om te bely was slegs op die aarde moontlik.

Ek het ook 'n sendeling in die Hel gesien. Hy was daar, want hy het gevra vir geld om 'n sending in Afrika oop te maak, maar hy het die helfte van die geld vir homself gehou. Nou smeeek hy vir genade en nog 'n kans om die geld wat nie syne was terug te gee. Toe hy sien dat Jesus hom nie kon help nie het hy Jesus vervloek.

Ek het mense gesien wat eens binne die kerk God geprys het. Nou is dit net uitroepe vir genade vir hulle onbelyde sondes, hulle het hul kans verloor om te bely, nadat hulle gesterf het. Ek sien pastore wat die tiendes en die offergawe van hulle kerke beroof het. Hulle het ook gesmeek om al hulle slegte werk ongedaan te maak, maar daar was nie meer kans nie. Diegene wat sterf sonder Jesus Christus gaan na die hel, en diegene wat met Jesus Christus sterf, gaan na die Hemel. Baie mense glo dat wanneer jy sterf stop jou bestaan. Maar by die dood, begin jou regte lewe, óf in God se heerlijkheid of in die ewige verdoemenis en skande. (Daniel 12:2) Dit is nou jou keuse. Ons almal moet versigtig mediteer op die plek waar ons die ewigheid sal deurbring. Wil jy die ewigheid deurbring in die hel of in God se heerlijkheid? Dit is jou keuse.

Ons het aangehou loop na 'n ander verskriklike plek waar daar demone van alle soorte en vorms was en sommige het net een arm, een oog en 'n kloutjie vir 'n been gehad. Hulle gesigte was die een helfte mens, maar die res was net leeg. Ek het gevra, "Here, wat is dit?" En Hy het gesê, **"Dit is duiwels van vernietiging in die huise van al diegene wat verlore gaan. Dit is die duiwel wat vernietig en vernietig sonder rus, dag na dag. "**



Die marteling in daardie plek is so verskriklik dat die siele altyd die dinge onthou wat hulle gedoen het terwyl hul op aarde was. Net soos in die gelykenis van die ryk man en Lasarus. ([Lukas 16:19-31](#)). Die ryk man kon onthou dat hy 'n pa en vyf broers het. Jy onthou al die dinge wat jy in jou lewe gedoen het, goed of sleg, jy onthou al jou familie en dit is deel van die straf, omdat jy so desperaat wil keer dat hulle

nie in die hel opeindig nie.

Vandag is daar baie mense wat die evangelie verkondig wat diegene waarsku op aarde om hul te bekeer. Die enigste een wat jou kan red is Jesus wat aan die regterhand van die Vader sit en gereed is om jou te red. **"Verlossing is in niemand anders nie, want daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur hul gered kan word nie."** ([Handelinge 16:19-31](#)) Vertrou in Jesus alleen.

## Kinders in die Hel

Ek het 'n vrou gesien met twee kinders wat op hul ma skree: *"Hoekom? Hoekom het jy ons nie Sondagskool toe geneem nie? Waarom het jy nie toegelaat dat ons kerk toe te gaan??"* Hulle het haar gevloek omdat sy nooit toegelaat het dat hulle die evangelie hoor nie.

Selfs vandag voel ek nog steeds die pyn en vrees in my siel as ek terugdink dat daar selfs jong kinders in die hel is. Ek het gesien dat sommige tussen die ouderdomme van 12 en 14 jaar oud was. Hulle is ook spyt oor baie dinge wat hulle gedoen het terwyl hulle op aarde was. Baie Christene sê arogant dat kinders nooit verlore kan gaan nie, want hulle is so jonk. Maar Ek sê vir julle, as 'n kind kan onderskei tussen goed en kwaad en hulle nie wandel in die weë van die Here nie kan hulle ook kom in die plek van pyniging. ([Spreuke 22:06](#))

In die Bybel staan dit **"Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en boeke is geopen. Nog 'n boek is oopgemaak wat die Boek van die Lewe was. Die dode is geoordeel**



*volgens wat hulle gedoen het, soos opgeteken in die boek "(Openbaring 20:12) Alle persone wat kan onderskei tussen goed en kwaad sal staan voor die aangesig van die Here, niks is verborge vir die oë van die Here.*

Ons het aangehou loop totdat ons by 'n plek was wat soortgelyk was aan 'n stadion. Daar was demone wat gelag het vir die verlore siele. Hulle het diegene gespot en getormenteer wat na God se beeld gemaak is.

Die demone sou dele van mense afskeur en hulle verberg sodat die mense daarna moes soek. Die demone het sadistiese genot geput uit die mens se pyn. Soos geskrywe is: *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes ..."* (Johannes 10:10)



Die mense daar was desperaat dors na water, maar dit is nie daar nie. Hulle betreur selfs die dag wat hulle gebore is. Maar die ergste gevoel was vir diegene wat van Jesus geweet het, maar dan van Hom weggestap het. As jy van Jesus wegeloop het, as jy nie meer sy weë volg nie, vandag is die dag om terug te kom! Moenie skaam wees vir wat jou vriende of enigiemand anders gaan dink of sê nie.

Onthou wat Jesus gesê het oor diegene wat vir Hom skaam is. *"As iemand hom vir My of my woord skaam, sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlijkheid en die heerlijkheid van die Vader en van die heilige engele.* (Lukas 9:26)

Dit is tyd vir jou om terug te hardloop na die teenwoordigheid van God, en vir verlossing. Moenie kyk vir 'n kerk wat jou goed laat voel nie, kyk vir 'n kerk waar die Gees van die Here beweeg en berou getoon word vir al jou sondes! Dit is tyd vir diepe berou, tyd om uit te roep na die Here en te hardloop na Jesus. As jy sondes het wat jy nog nie opgehou doen het nie is jou siel in gevaar, want die Bybel sê dat Jesus sal kom soos 'n dief in die nag (1 Thess 5:2) Is jy gereed of nie?



Ons het voortgegaan om die duiwels dop te hou wat die mense martel. Ek het gesien hoe 'n persoon se oog uitgeruk en weggesteek word en hoe daardie persoon in pyn agterna sleep om dit te vind. Die demone put plesier uit hul wreedheid. Sommige se arms en bene is afgeruk. Maar diegene wat eens die Here geken het, maar in sondes gesterf het se straf was veel erger. Hulle het 'n dubbele veroordeling. (Hebreërs 10:26-27)

Diegene wat nooit van God geweet het nie was ook in foltering, maar daar is meer lyding vir diegene wat Jesus geken het en afvallig geraak het. (2 Petrus 2:21)

Toe ek daar was, het ek onuitspreeklike angs in my siel gevoel, suiwer paniek. Ek het so 'n deernis vir al die siele wat vir genade huil. **Jesus het gesê, "ek sal jou wys hoe baie dinge nog steeds wag vir verlore siele."**

Ons het verby 'n ander plek gegaan waar baie verskillende selle gebrand het. Binne-in die selle was siele, maar al wat van hulle oor was, was verkoolde grys bene. Maar hulle kan nog steeds pyn voel en het geskreeu vir genade van Jesus soos Hy gewandel het. Ek het uitgevind dat hierdie mense eens deel van die kerk was en sommige het selfs die woord van God gedurende hul leeftyd verkondig, duiwels uitgedryf en in tale gepraat terwyl hulle op aarde was. Maar hierdie Christene is hier omdat hulle eendag besluit om weg te draai van die weë van God.



## Die pad na die Hel



Die Here het gesê: **"Kyk na hierdie groot straat."** Ek het 'n straat gesien waar 'n skare van gelowiges loop en hulle het selfs Bybels gehad. Ek het gesien sommige bid en ander sing lofliedere.

Ek het gesien hoe die smal pad van God vertak na regs, maar die Christene het voortgegaan om reguit na die hel te loop.

Jesus verduidelik: **"Hulle het 'n dubbele lewe, hulle leef twee lewens: een in my huis van gebed, en die ander in hul eie huise."** Ek het gesê, "Maar Here, hierdie mense prys U naam " Jesus het geantwoord: **"Ja, en selfs wanneer hulle huil, skreeu en mooi dinge oor my of van my sê is hulle harte vol van owerspel, vol van kwaad, vol leuens, vol van bedrog, vol van haat, vol wortels van bitterheid, vol van slegte gedagtes."** Dan is dit eers wat ek verstaan wat geskryf is in die Skrif **"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here sal ingaan in die koninkryk van die Hemel nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die Hemel is."** (Mattheus 7:21)

Baie Christene het haat of bitterheid in hulle hart teenoor hulle broers, en gaan dalk nie eers meer kerk toe as gevolg van daardie broer. Maar wanneer die pastoor in die kerk vra, "Hoeveel van julle is lief vir die Here?" sê almal "Amen!" Maar die Bybel sê dat diegene wat hulle broers haat is soos moordenaars en geen moordenaar kan in die Koninkryk van die

Hemel kom nie. Dit staan in die Woord "Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur." (Mattheus 5:22) Hierdie broers sal baie spyt wees wanneer die Here terugkeer.

Die Bybel vertel ons, *haat nie jou broer in jou hart nie. Berispe jou naaste met vrymoedigheid sodat jy nie vir sy ontwil sonde op jou laai nie. Soek nie wraak of dra 'n wrok teen een van jou mense, maar is lief vir jou naaste soos jouself. Ek is die HERE.* (Levitikus 19:17-18) Dit is so hartseer wanneer iemand die Here dien, maar dit nie tot in die Hemel maak nie. Jy moet ernstig hieroor nadink en vra, "Is ek gereed vir die Here? Doen ek werklik die wil van God? Behaag my lewe God?" "Jy het nog tyd om jou hart te draai na God en die Hel te ontvlug.

Sommige mense gee nie om waar hulle heengaan nie, hulle wil net die lewe geniet. Maar Ek sê vir julle, spandeer tyd saam met Jesus, nie 'n vrou nie, is om die lewe te geniet. Spandeer tyd in die huis van die Here, nie in 'n kroeg, is om die lewe te geniet. Ons moet God vra vir genade vir diegene wat nog steeds op die pad van die dood en die sonde loop.

In die hel het ons baie mense gesien wat gedink het hulle lewe 'n heilige lewe op aarde, maar nou smee hul vir genade en net nog een kans. My hart het so gepyn vir hulle. Ons het 'n vrou gesien wat voorgee dat sy die Woord van God lees, en preek oor Johannes 3:16. Sy het gesê: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."* Jesus het gesê dat sy daar was, *"want sy kon nog nooit haar man vergewe, sy het nog nooit daarin geslaag om haar man te vergewe nie"* (Mattheus 6:14-15) Hierdie vrou was die Herder van 'n evangeliese kerk vir 35 jaar, maar nou in die hel smee sy vir nog een kans om haar man te vergewe.



Die Bybel waarsku ons, *Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaer en jy in die gevangenis gewerp word nie.* (Mattheus 5:25) en *Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.* (Mattheus 5:7)

As jy iemand is wat huil in die teenwoordigheid van die Here is jy nog steeds onder genade en barmhartigheid. Maar as jy voel dat jy nie meer kan huil of bid nie, as jou gebedslewe gestop het, is jy in groot gevaar.

Vergifnis is iets besonder, en daardie vrou het nooit vergewe. Na 35 jaar van harde werk vir God het sy alles verloor op die ou end. Mediteer hieroor en maak seker dat jy almal vergewe het. Hoe wil jy die ewigheid te spandeer?



My broer sou dikwels vir my sê: *"Die dag wat ek sterf gaan ek hel toe en en sal die demone my pynig, maar gelukkig het hy hom bekeer van hierdie dwase geloof, want die oordeel van God het hom bereik. Ten tye van hierdie boodskap opname lê hy siek met vigs. Hy het God gesmeek vir nog 'n kans en het uiteindelik sy hart aan Jesus gegee. Hy dink nie meer op dieselfde manier nie, en wil nie na daardie plek van pyniging gaan nie. Gelukkig het my broer Jesus aanvaar as sy verlosser. My broer was gelukkig, hy het geweet hy het nie baie tyd oor nie, maar die meeste mense weet nie wanneer hulle sal sterf.*

Jesus en ek het aanhou loop totdat ons by 'n groep mense gekom het wat hulself genoem het "Evangeliese Christene". Jesus verduidelik waarom hierdie mense in die hel was. In die omgewing waar hulle gewoon het, was daar 'n dronk man wat 'n Christen geword het. Eendag was sy vrou ernstig siek. Hy het begin loop van deur tot deur op soek na hulp om haar na die hospitaal te neem. Toe kom hy by die huis van 'n Christen en het vir hulle gesê, *"My vrou is baie siek. Ek het jou nodig om vir my geld leen om haar na die hospitaal te neem."* Maar die Christene het vir hom gesê, *"Dit is wat jy sê! Ons het nie geld hier!"* Toe het hy na 'n ander Christen se huis gegaan het, het hulle ook geweier om hom te help. Uiteindelik het die man se vrou gesterf.



Een van die Christene het gesê: *"Ek het beslis die dronk 'n les geleer, Hy wou net die geld hê om dronk te word, maar hy het my nie geflous nie! Ek het hom nie 'n enkele pennie gegee nie!"* Nou in die Hel word hulle in vuur gepynig, en het diepe berou vir hul bese optrede. *(Mattheus 23:31-46)*

Hierdie manne is met toue vasgebind en brand. Hulle vel val van hul liggame af en daar was geen einde aan die marteling. Hulle dink aan al die kwaad wat hulle gedoen het.

## 'n Trotse Christen



Luister versigtig na my. Ek was ook 'n evangeliese Christen. Ek het vir die siekes gebid en God het hulle gesond gemaak, ek het vir die lamme gebid en God het hulle opgewek. Ek het duiwels uitgedryf en in tale gepraat, maar ek het 'n gees van ydele eer in my gehad wat my pastoor as geestelik kleiner as ek beskou het.

Ek het baie wonderwerke in my bediening gesien, meer as my pastoor. Maar ek het begin om te dink dat dit ek was, dat ek die een was wat die wonderwerke doen. In my ydele eer het ek gedink dat ek super-begaafd is, iemand spesiaal. Ek het nie verstaan dat dit die genade van God was in my lewe nie. Toe ek na die hel gaan het God vir my gesê, *"Ek is nie die God van die mense met ydele eer nie."*



Baie van ons staan voor die altaar van God, vol van trots en ydele eer. Baie wat sing tot eer van God begin om vol van trots te wees. Baie van God se dienaars wat die woord verkondig en kragtig deur God gebruik word, begin om te dink dat hulle is té belangrik? Baie mense wat werk in die verlossing word ook vol van trots? Ek wil hê jy moet weet dat God alles sien en jou hart ken.

As jy ydele eer, trots, of arrogansie in jou hart het, as jy jou broer of pastoor met minagting sien, moet jy vinnig berou van jou sondes doen! Dit is baie beter om jou voor mense te verneder as om in die teenwoordigheid van die Here verneder te word. Ek wens jy kon hierdie plek sien soos ek dit gesien het. Ek wens jy kon die krete hoor van die verdoemdes, die angste voel wat ek gevoel het, en die finale oordeel sien, dan sou jy verstaan het.

Ons het voortgegaan om te loop totdat ons aangekom het by 'n soort van wagkamer. Ons het 'n demoon gesien wat skree en ander demone het hulleself voor hom gebring. Twee van hulle was in die vorm van mooi vroue. Hulle werk was om ministeries te vernietig en pastore in sonde te lei. Diegene wat die Here dien, moet versigtig wees vir satan se strikke. Satan wil jou lewe verwoes, en hy kan die mense naby jou gebruik om dit te doen, diegene wat nie 'n noue verhouding met Jesus het nie. Hulle kan instrumente van satan wees.



Satan het ook duiwels wat soos mense vermom is. Hulle gaan in die kerke op soek na jong dames en selfs getroude vroue om hulle in sonde in te lei om sodoende huwelike en lewens te vernietig.



In die hel het ek ook 'n man gesien wat gelaster het teen die Heilige Gees. *(Lukas 12:10)* Hy het gesmeek vir genade en van pyn geskree. Daar was wurms oor sy gesig en liggaam. Hy het probeer om hulle te verwyder, maar meer sou altyd kom. *(Markus9:44)* Sy pyn was ondraaglik.

Hierdie man was bekommerd oor sy familie se aankoms daar. As jy werklik jou familie lief het verkondig die Woord van God aan hulle, sodat hulle kan ontsnap uit die hel. *(Handelinge 16:31)*

Die Bybel sê “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liefwat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel. *(Mattheus 10:28)*

*Christene moet onthou dat selfs al het hulle die waarheid weggesteek van pastore, diakens, ouderlinge en die gemeente kan hulle nie die waarheid wegsteek van die teenwoordigheid van die Here nie. Soos geskrywe is, Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U*



*is daar! Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou. (Psalms 139:7-10)*



## **Leuens vir God**

Dit mag onmoontlik klink, maar baie Christene beland in die hel omdat hulle leuens vertel. Christene vertel doodluiters leuens in die kerk, en dink niks daarvan nie. Die pastoor kan hulle 'n vraag vra en die persoon sal net eenvoudig 'n leuen vertel. Maar ons moet onthou dat 'n eenvoudige leuen veroorsaak het dat God vir Ananias en Saphira doodgemaak het terwyl hulle in die kerk was. (*Handelinge 5:3-10*)

Baie Christene is in die hel net eenvoudig omdat hulle vir die pastoor gelieg het. Hulle het nie besef dat hulle vir God lieg nie. En die Bybel waarsku ons, geen dronkaards, geen egbrekers, nie hoereerders, geen leuenaars sal die koninkryk van God beërwe nie. (*Openbaring 21:08*) (*1 Korintiërs 6:9-10*)

Jy moet weet dat net omdat jy verklaar jy is 'n Christen, jy nog steeds onrein kan wees voor die aangesig van God, as jy aanhou sondig. Ek is persoonlik deur God gebruik, maar het nog ydele eer in my hart gehad. (*Mattheus 7:21-23*) Daar is nog tyd om te bely en jou hart en gees te vernuwe.

As jy 'n louwarm Christen is, of teruggeval, of 'n dubbele lewe lei, buig nou jou kop voor die aangesig van God, en smeeke vir vergifnis, wees bereid om weg te draai van bose dade. As jy nie Jesus ken nie bid nou en vra Hom om vergifnis, vra Hom om in jou hart te kom, aanvaar Hom as jou Verlosser.



**Moenie verder tyd mors nie!**

**En moenie 'n Christen wees wat in die HEL opeindig nie!**